Redaksioneel

HIERDIE UITGAWE

In hierdie uitgawe besin dr Jan Venter oor die rondreisende prediker in die vroeg-Christelike kerk en dr Neels Smit oor kerkreg en kerkorde. Voorts verskyn 'n aktuele besinning van die hand van prof Bouke Spoelstra oor die Gereformeerde sendingkrisis.
Verder is ook ingesluit 'n inhoudsopgawe van teologiese tydskrifte wat in Suid-Afrika gepubliseer word.

Ons vestig voornemende skrywers se aandag daarop dat u voortaan asb van die Harvard-verwysingsmetode moet gebruik maak, aangesien dit tans die algemeen gebruikte en aanbevole metode is en noodsaaklik vir IdS is om op die SANSO-lys opgeneem te word. Ons sal vanjaar stelselmatig die ou metode uitfaseer. Vergewis u asb van die riglyne van die nuwe metode.

GELUKWENSING

Ons wil baie graag by hierdie geleentheid 'n woord van hartlike gelukwense aan dr N P Heystek rig met die verwerwing van 'n doktorsgraad in teologie aan die PU vir CHO. Sy promotor was prof J. J. van der Walt. Die promovendus het 'n deeglike stuk werk oor *Die plek van die tugbediening in die pastoraat* gelewer en aan die hand van talle eksegetiese ekskurse helder aangetoon hoeseer tugbediening nie 'n koue tegniese aangeleentheid is nie maar diep ingebed is in die pastoraat. Hiermee het die skrywer baanbrekerswerk verrig. Daarby is die studie nie 'n oefening in intellektualisme nie maar 'n studie waarby die kerk van die Here direk baat vind. Van harte geluk en mag ons weldra 'n neerslag van die studieresultate in *In die Skriflig* vind.

Ons wil voorts ook graag prof M A Kruger van die HTS van harte gelukwens met die onderskeiding wat hom te beurt geval het met die uitnodiging om vanjaar gedurende September in Leuven 'n vollengte referaat te lewer oor *The relation between God, Jew and non-Jew according to Paul.* Die uitnodiging is gerig deur *The International Society for the study of Human Ideas on Ultimate Reality and Meaning.* Hy was tewens ook verlede jaar in Augustus 'n referent aan die Katholieke Universiteit Leuven. Sy voordrag het toe gehandel oor *Rethinking the interpretation of Romans 1 : 18 and its relevance for the understanding of Romans 1—4.*

PROF S J VAN DER WALT OORLEDE

In April 1987 het nog een van ons ouer garde teoloë ons ontval. Hy is, ongelukkig vir hom, op 'n redelik bejaarde ouderdom as professor in dogmatiek beroep wat hom slegs 'n kort tydspan van 9 jaar vir die beoefening van teologie tot en met sy emeritaat in 1970 gelaat het. Hy was 'n teoloog wat 'n besonder skerp aksent op die *Gereformeerde* karakter van teologie gelê het, soos duidelik blyk uit sy Geloofsleer ('n kort dogmatiek) in die boek *Geloofsleer en*

Sedeleer vir standerd 10 (sj). Sy dogmatiek was sterk antiteties ingestel: anti-Barthianisme, anti-ekumenisme (WRK), anti-humanisme. Daarvan getuig sy proefskrif oor die openbaringsleer van Karl Barth (1941), sy inougurele rede oor die sogenaamde ekumeniese teologie agter die Wêreldraad van Kerke (1962) en sy geskrif oor die mens of God (1956). Sy grootste waarde vir die beoefening van dogmatiek in die GKSA is myns insiens daarin geleë dat hy aan die TSP oorgeskakel het van 'n voorafgaande hoofsaaklik Kuyper-georiënteerde periode (P J S de Klerk) na die dogmatiek van H Bavinck, wat tog seker die van Kuyper in kwaliteit oortref. Daarmee was die weg gebaan tot 'n minder skolastiese benadering en 'n groter aansluiting by die Reformasie as by die Na-reformasie.

Ons bid sy familie graag die troos en seën van ons Here God toe.

PROF JAN VERSTEEG OORLEDE

Ook in April 1987 is prof Versteeg onverwags op jeugdige ouderdom —— hy was 48 jaar —— oorlede. Dit is vir ons in Suid-Afrika om meer as een rede 'n groot verlies. Nie alleen was hy 'n swaer van ons subredakteur, prof L Floor, asook 'n besoeker aan Suid-Afrika nie, maar hy het in kerke gedien —— Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland —— met wie die GKSA bande van noue geloofsgemeenskap onderhou; daarby was hy 'n baie bekwame Nuwetestamentikus.

Dit is opvallend hoe sy belangstelling steeds uitgegaan het tot die pneumatologie en die ekklesiologie, reeds vanaf sy proefskrif oor Christus en die Gees (1971). So besin hy oor die Gees en die gelowige (1976), oor die Gees en die gebed (1973) en oor die gebed in die NT (1978), oor onderlinge gemeentelike verhoudinge (1979) en oor die struktuur van die gemeente volgens die NT (1985) —— almal goeie en insiggewende studies. Soms het hy wel die oë laat rek vanweë 'n ingenome standpunt, bv oor die plek van die vrou in die kerk, maar daar was nooit twyfel oor die Bybels-reformatoriese gehalte van sy teologiese insigte nie.

Ook in hierdie geval bid ons sy familie die vertroosting van die Gees van God toe.

KUYPER 150 JAAR GELEDE GEBORE

Anders as in die geval van Augustinus, is die belangstelling vir die teologie van Abraham Kuyper, gebore in 1837 te Maassluis, só aan die afneem dat sy werke maar swak vaar op die tweedehandse mark in Nederland.

Nié dat Kuyper nie 'n formidabele man was nie: hy was immers, so word dit genoem, stigter van 'n nuwe kerk, stigter van 'n nuwe universiteit, stigter van 'n nuwe politieke party én stigter van 'n nuwe koerant! En nié dat sy teologiese geskrifte, soos bv die oor die Heidelbergse Kategismus, die algemene genade, die werk van die Heilige Gees, die teologiese ensiklopedie en die liturgie, om slegs enkele te noem, geheel sonder goeie insigte is nie. Maar die algemene gevoel is tog dat Kuyper bv in sy kerkleer, te veel in die skolastiek

vasgeval het en dat aansluiting by die teologie van Bavinck veel vrugbaarder is.

Daarby is dit opvallend dat daar tot op hede, sover my kennis strek, nog geen omvattende werk (proefskrif bv) oor die teologie van Kuyper verskyn het nie. Weliswaar is daar al oor aspekte van sy teologie besin, oor Kuyper as kerkhistorikus (L Praamsma, 1945), oor sy ekklesiologie (P A van Leeuwen, 1946, P W Buys, 1970), oor die leer van die Heilige Gees (W H Velema, 1957), oor die kerk-staat verhouding (J H P van Rooyen, 1964), oor die Woord as heilsmiddel (J J E Koornhof, 1985) en, onlangs (1986), oor sy eskatologie (M J P Olivier), maar steeds ontbreek 'n breedopgesette geheelbeeld. Slegs só 'n studie sal ons help om Kuyper op wetenskaplik verantwoorde wyse te evalueer.

AUGUSTINUS 1600 JAAR GELEDE GEDOOP

Op 25 April 387 is Aurelius Augustinus, grootste teoloog wat Afrika nog opgelewer het, op dertigjarige ouderdom in Milaan deur Ambrosius gedoop — 'n gebeurtenis wat daartoe aanleiding gegee het dat daar vanjaar wêreldwyd herdenkingsfeeste rondom hierdie groot kerkvader gehou word. Miskien is dit ook 'n goeie geleentheid vir predikante en teoloë om hulle opnuut besig te hou met die geskrifte van hierdie buitengewone dienskneg van die Here. Dit sou goed wees om sommer met sy *Confessiones*, een van die mees gelese boeke in die wêreldliteratuur, te begin, en wel in die vertaling van A Sizoo of G Wijdeveld. Noordmans het iewers gesê dat geen enkele teologiese student die akademie moet verlaat indien hy nie Augustinus se *Confessiones* drie maal (in die oorspronklike taal!) gelees het nie. Vervolgens kan die *De Civitate Dei*, weer eens in die mooi vertaling van Wijdeveld (Baarn: Ambo, 1983), ter hand geneem word, verkieslik volgens dagboekmetode. Dan is daar nog sy *Enchiridion*, om nie meer te noem nie, wat 'n kort samevatting van die Christelike leer bevat. Onlangs het Wijdeveld ook 'n preekbundel van Augustinus saamgestel (Baarn: Ambo, 1986).

Dit is waar dat ons nie met álle teologiese insigte van Augustinus saamstem nie, bv met sy allegoriese eksegese, maar dit is ook waar dat ons tov sovele ander dogmatiese gesigspunte — ek dink aan sy Skrifleer, Godsleer, uitverkiesingsleer, genadeleer, sondeleer, Christologie, ekklesiologie, sakramentologie, eskatologie en etiek — so 'n noue aansluiting by hom vind dat ons sy geskrifte slegs tot ons skade en verarming kan negeer. Sy stryd teen die Manicheïsme, Donatisme en Pelagianisme het 'n groot invloed op die verloop van die kerkgeskiedenis gehad.

Dit is opvalend dat, terwyl daar al die afgelope dekades onder Rooms Katolieke teoloë 'n besondere belangstelling in die teologie van Augustinus ontwikkel het, sy geskrifte vir gereformeerde teoloë in Suid-Afrika redelik geslote bly. Sou dit daarom nie 'n goeie voorneme van elke predikant wees om vanjaar ten minste één van die geskrifte van hierdie sonderlinge man te lees nie?

J H v W